higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N350**(A)**(N14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORG PERSONEELONTWIKKELING N4

(4110384)

14 November 2018 (X-Paper)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORG PERSONEELONTWIKKELING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

GS

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Mense en verhoudings is veranderbaar.	A	50 × 50 cm
1.1.2	Die lokaal moet groot genoeg wees sodat mense kan rondbeweeg.	B	hors-d'oeuvre
		C	vingerete
1.1.3	Grootte van servette vir minder-formele funksie.	D	emosionele ontwikkeling
		E	taalontwikkeling
1.1.4	Kan gebruik word vir 'n vergaderplek of ruskamer.	F	geslote vergadering
1.1.5	Die educarer wil die aandag van die hele groep hê en hulle moet haar instruksies volg.	G	aanpasbaarheid
		H	skat
1.1.6	Trek- en stootfaktore	I	bulimia nervosa
1.1.7	Begin meer onafhanklik word.	J	anorexia
1.1.8	Onthou die woorde van liedjies en rympies.	K	30 × 30 cm
		L	verstedeliking
1.1.9	Grootte van servette vir 'n formele ete.	M	publieke vergadering
1.1.10	Die sinoniem vir voorgereg.	N	gerigte aktiwiteite
1.1.11	Sy/hy lê 'n verslag oor die finansiële posisie en behoeftes van die organisasie voor.	O	personeelkamer
1.1.12	Kan gesien word as 'n private vergadering.		
1.1.13	Morbiede honger ('Morbid hunger')		
1.1.14	Verlies aan eetlus		
1.1.15	Enigeen kan hierdie vergadering bywoon.		

(15 × 2) (30)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Spesiale messegoed soos moet aan die regterkant van die vurk geplaas word.

1.2.2 Wees eerlik oor jou motivering waarom jy van werk verander.

1.2.3 Om empatie te toon beteken om 'n saak uit 'n ander se oogpunt te sien.

1.2.4 Tydverdrywe ('Recreation') sal jou help om van jou verantwoordelikhede by die werk te vergeet.

1.2.5 Introverte het mense om hulle nodig.

1.2.6 'n Gestruktureerde program sal verseker dat die tempo van aktiwiteite varieer.

1.2.7 Die onderhoudvoerder kan jou oor jou persoonlike lewe uitvra.

1.2.8 'n Dissiplinêre onderhoud word gebruik om inligting te bekom.

1.2.9 Die persoon met wie die onderhoud gevoer word kan die onderhoudvoerder vra om vrae te herhaal.

1.2.10 'n Spieël in die toilette is onnodig vir 3-jariges en ouer kinders.

1.2.11 Die bestuurskomitee moet toesien dat die peresoneel opgelei is/word.

1.2.12 Die buffettafel is gerieflik en spaar moeite.

1.2.13 'n Persoon met HIV het immuniteit teen siektes.

1.2.14 Beplan jou klerekas om te pas by jou figuur en karakter.

1.2.15 Vorderingsverslae moet elke jaar na die ouers gestuur word.

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Dagsorgsentrum-program moet … wees.

A konkreet.
B buigsaam.
C abstrak.

1.3.2 Tydens vry-spel tye word aktiwiteite … gekies.

A streng volgens reëls
B lukraak ('randomly')
C deur die hoof

1.3.3 Kinders moet gereeld eet omdat hulle …

A alles aan hul ouers rapporteer.
B langer slaap.
C energie vinnig verbrand.

1.3.4 'n Speelgroep moet 'n maksimum van … kinders hê.

A 10
B 12
C 20

1.3.5 Voorsien … toilette vir elke 15 of gedeelte van 15 personeellede.

A 1
B 7
C 2

(5 × 1) (5)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die daaglikse program dien as 'n riglyn vir al die aktiwiteite wat by die dagsorgsentrum sal plaasvind.

2.1.1 Noem VYF faktore wat die onderwyser moet oorweeg wanneer hy die program moet beplan. (5)

2.1.2 Verduidelik kortliks VYF waardes en die belang van geskrewe beplanning. (5)

2.1.3 Noem VIER manipuleerbare speelgoed/items wat die educarer in haar les vir 'n 8–12-maandoue kind kan insluit. (4)

2.2 Dagsorgdienste kan in twee kategorieë verdeel word:

2.2.1 Noem TWEE voorbeelde van sentrumgebaseerde dienste.

2.2.2 Noem TWEE voorbeelde van tuisgebaseerde dienste.

(2 × 2) (4)

2.3 Verduidelik die volgende konsepte kortliks:

2.3.1 Buigsaamheid ('Flexibility')

2.3.2 Roetine

(2 × 2) (4)

2.4 Noem VIER tafeldektoebehore. (4)

2.5 Watter kriteria moet oorweeg word wanneer die parkeerarea beplan word.

(6 × 1) (6)

2.6 Verduidelik die volgende areas/eenhede kortliks:

2.6.1 Boekehoekie

2.6.2 Blokkieshoekie

(2 × 5) (10)

2.7 Noem AGT standaarde en vereistes van geboue en fasiliteite. (8)

[50]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE eienskappe van 'n bekwame onderwyser. (7)

3.2 Verduidelik die volgende prosedures en aksies tydens 'n onderhoud kortliks.

3.2.1 Verbale aksies

3.2.2 Nie-verbale aksies

(2 × 5) (10)

3.3 Noem en verduidelik VIER maniere om konflik te hanteer. (4 × 2) (8)

3.4 Noem VYF oorsake van verkeerde postuur. (5)

3.5 Educarers moet 'n voorbeeld stel deur self 'n gesonde leefstyl en eetgewoontes te handhaaf.

3.5.1 Noem VIER basiese beginsels van gesonde eetgewoontes.

3.5.2 Noem VIER voordele van oefening.

(2 × 4) (8)

3.6 Verduidelik kortliks die verskil tussen 'n *dagmoeder* en 'n *speelgroep*. (3 × 2) (6)

3.7 Noem SES pligte van 'n voorsitter. (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 Noem die VYF soorte onderhoude. (5)

4.2 Verduidelik kortliks die dekking van 'n skemerkelkdrankie ('cocktail'). (6 × 1) (6)

4.3 Sekere omgewingsfaktore of aspekte speel 'n rol in die ontwikkeling van 'n persoon om hom/haar 'n unieke persoon te maak.

Verduidelik kortliks die volgende konsepte:

4.3.1 Kultuur

4.3.2 Milieu

4.3.3 Onderwys

4.3.4 Fisiese voorkoms

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

4.4 Voorbereiding vir 'n onderhoud is baie belangrik. Hoe sal jy aantrek en jouself versorg vir 'n onderhoud? (4 × 1) (4)

4.5 Noem DRIE verskille tussen 'n *introvert* en 'n *extrovert.*

INTROVERT	EXTROVERT

(3 × 2) (6)

4.6 Gee 'n definisie van *administrasie.* (3 × 2) (6)

4.7 Verduidelik die waarde van 'n bywoningsregister kortliks. (5 × 1) (5)

4.8 Teken 'n bywoningsregister in jou ANTWOORDBOEK. Dit moet die volgende bevat:

- Tien kinders (Seuns en Meisies)
- Dui die bywoning vir EEN week aan.
- Tel die totale van die bywoningsregister op.
- Gebruik andag se datum
- Netjies (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou